Taberna Dei Preeknota
Heilige Gees (Week 1)

Die Persoon van die Heilige Gees

Sondag, 19 Mei 2019

TABERNA DEI

"Die eerste verhaal, Theófilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus begin doen en leer het tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan die apostels wat Hy uitverkies het, deur die Heilige Gees bevele gegee het; aan wie Hy ook, ná sy lyde, Hom lewend vertoon het deur baie kentekens, terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het. En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie." - **Hand 1:1-5 (AFR53)**

1. Toe Jesus oor die Heilige Gees praat toe snap sy volgelinge nie.

"Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde." - **Hand 1:6-8 (AFR53)**

2. Die Persoon en die werk van die Heilige Gees is vandag nog die "most misunderstood" van die Drie-enige God.

i. Die Heilige Gees vereer altyd Jesus.
ii. Die Heilige Gees gee ons krag om te getuig.
iii. Die Heilige Gees transformeer mense.
iv. Die Heilige Gees bewerk wonderwerke.
v. Die Heilige Gees versorg die kerk deur geestes gawes.

3. Die Heilige Gees het dieselfde eienskappe as 'n lewende wese (a living being).

i. Hy het 'n intelek.
ii. Hy het emosies.
iii. Hy het 'n wil.

4. Jesus praat van die Heilige Gees as 'n Persoon en nie as 'n Krag nie.

"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig." - **Joh 16:13 (AFR53)**

"Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen." - **2 Kor 13:13 (AFR53)**

4.1 Wat is die verskil tussen die Heilige Gees as 'n Persoon en die Heilige Gees as 'n Krag?

- As die Heilige Gees 'n Krag is, wil ek Hom manipuleer, maar as ek weet die Heilige Gees is 'n Persoon wil ek myself oorgee aan Hom om my te gebruik.
- As die Heilige Gees 'n Krag is dan word ek verwaand as Hy my gebruik, maar as ek weet die Heilige Gees is 'n Persoon dan leef ek in nederige afhanklikheid aan Hom en dank Hom omdat Hy in my kom woon het.
- As die Heilige Gees 'n Krag is, dan wil ek van die krag besit neem (I want to get hold of Him), maar as ek weet die Heilige Gees is 'n Persoon, dan wil ek hê Hy moet van my besit neem (I want Him to get hold of me).

4.2 Hoe kry die Heilige Gees besit van my?

- By wedergeboorte (Joh 3:4)
- By die doop in water (Mat 28:19)
- en wanneer Jesus ons doop met sy Gees en met vuur. (Mat 3:11)